# 'n Kleedjie met kruissteekrose



Daar is altyd nog 'n plekkie in die huis vir 'n mooi geborduurde tafelkleedjie. Omskep die kleedjie in 'n reghoekige of vierkantige tafeldoek van enige grootte. Die vierkante van fyn linne en kant is afsonderlik verkrygbaar

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN



*Die tafelkleedjie, 84 x 84 cm groot, is saamgestel uit vierkante van fyn borduurlinne en aanmekaar verbind met breë stroke hekelkant. Omrand jou voltooide tafeldoek met 'n sierlike, breë, geskulpte kantstrook.*

◀ *Die roos- en hoekmotief in detail. Die borduurlinne, kant en Coats-borduurgare word landwyd versprei deur BRASCH HOBBY. Die klaargemaakte vierkantige kleedjie is ook beskikbaar. Skakel (011) 493-9100 vir nadere inligting oor 'n naaldwerkwinkel naby jou, waar die goedere beskikbaar is.* ▶

geborduur deur DULCIE BYRNE en SARIE FREEMAN; foto's MARIAM GILLAN; diagram verwerk deur SJOUKJE JORDAAN

DIAGRAM VIR KRULMOTIEF






DIAGRAM VIR ROOS



## Benodigdhede

Vier stukke fyn borduurlinne, 36 x 36 cm; bypassende borduurnaald; 1,5 m inlas-hekelkant, 3 cm breed; 3,5 m geskulpte hekelkant, 6 cm breed; Coats Anchorsesdraad-stringborduurgare in dié kleure: vir roos – rooi, 047; koraalpienk, 035; ligpienk, 09 (60 cm elk), vir blare – donkergroen, 0268; groen, 0267; liggroen, 0264 (60 cm elk), vir krulmotief – bruin, 0889; goudbruin, 0888; ligte goud, 0887 (1,5 m elk). Beraamde hoeveelheid gare nodig in cm vir elke kleur in roos en een hoekkrulmotief word tussen hakies aangedui.

## Aanwysings

Raadpleeg diagram. Borduur deurgaans met driedraadborduurgare. Onthou: een teken stel een kruissteek voor. Die boonste steke moet in dieselfde rigting wys.